NEDERDUITSE GEREFORMEERDE GEMEENTE MONTANA

Openbare Weldaadsorganisasie 930006611 Noordelike Sinode
Kerkkantoor: (012) 534 3377 **e-pos: admin@ngmontana.co.za**
Posbus 13514 **Veronicaweg 300**
SINOVILLE **Montana**
0129 **PRETORIA 0182**

Ds JWK Scholtz 082 641 5983 **Ds B Powell 082 305 4444**
Ds S van den Berg 082 560 9305

Mei 2020

Liewe Gemeentelid

Ons groet u in die Naam van die Drie-Enige God. Ons Vader, Jesus Christus sy Seun ons Verlosser, en die Heilige Gees ons Vertrooster en inspirasie, seën ons met Sy liefde en genade!

In ons gemeente het ons twee groot fondsinsamelings per jaar: die 10e dankoffer en die Basaar. Die 10e dankoffer word elke jaar aan die einde van Mei geloods en gaan voort tot aan die einde van Februarie van die volgende jaar.

Met Tiende Dankoffer bedoel ons ‘n dankoffer waar elke lidmaat probeer om bo en behalwe sy/haar maandelikse bydrae, (eenmalig of soos dit vir u moontlik sou wees) ‘n tiende van sy/haar maandelikse inkomste sal afstaan aan ons Here se werksaamhede. U dankoffer is ‘n saak van verantwoordelikheid tussen u en die Here.

Ons begroot om in die boekjaar 2020/2021 ‘n bedrag van R800,000 in te samel en pak hierdie poging saam met u in geloof aan.

Hierdie skrywe word aan u elektronies gestuur, op ons webblad geplaas, asook in die aftree-oorde aan u beskikbaar gestel.

In die lig van ons huidige omstandighede, versoek ons u vriendelik om u 10e dankoffer elektronies in die gemeente se bankrekening oor te betaal. Die bankbesonderhede is op die webwerf (en op u kalender) beskikbaar. Merk die spesiale dankoffer asseblief met die verwysing: *10e dankoffer*. U kan ook u bydrae in ‘n koevertjie plaas en dit dan aan u dienswerker besorg.

Ons wil u verseker dat die NG Montana se Gemeenteraad in biddende afhanklikheid rentmeesters van God se genadegawes wil wees. Bid asseblief saam met ons dat daar genoegsame fondse beskikbaar sal wees om God se saak te dien en dat elkeen sal bydra met vrymoedigheid en volgens elkeen se vermoë.

Ons groet U in die Naam van Jesus Christus en bid u sy seën toe.

Hannes van der Merwe

VOORSITTER: FINANSIËLE BESTUURSGROEP